Kontak ons
Erfenisstigting-gebou,
Voortrekkermonument, Pretoria
Posbus 2655,
Brooklyn Square, 0075
**T** 012 301 1761 **S** 079 515 0873
admin@dameskring.co.za
**www.dameskring.co.za**

# Die Dameskring

## KRITERIA VIR AANSOEKE VIR DIE DAMESKRING BEURSFONDS

### 1. Wie mag aansoek doen?

- DK-lede, DK-lede se kinders en kleinkinders met Afrikaans as huistaal.
- Gedurende 2020 het die UB besluit om voortaan ook 'n gestremde student met Afrikaans as huistaal te ondersteun, hetsy DK verwant of nie.

### 2. Watter dokumentasie moet die aansoek vergesel? GEWAARMERKTE dokumente met datumstempel NIE OUER AS DRIE MAANDE NIE.

- Bewys van hoogste kwalifikasie behaal.
- Bewys van jongste akademiese uitslae behaal.
- Afskrif van ID-dokument.
- Bewyse van **gesin** se inkomste.

### 3. Wat is belangrike kriteria vir DK vir die goedkeuring van aansoeke?

- Stiptelike inhandiging van volledige aansoek.
- Die **laaste amptelike uitslae** van die **hoogste kwalifikasie behaal.**
- Deelname aan kultuur- en sportaktiwiteite.
- Leierposisies beklee.
- Gesin se gesamentlike inkomste.

### 4. Vir watter studierigting kan aansoek gedoen word?

- Daar is geen beperking t.o.v. studierigtings nie.

### 5. Aan wie word die fondse oorbetaal?

- Die fondse word direk aan die tersiêre instelling oorbetaal.
- Fondse kan op versoek aan die boek-/hulpmiddelverskaffer betaal word.

### 6. Is die beurse slegs vir Eerstejaarstudente?

- Enige voornemende of huidige student kan aansoek doen.
- Suksesvolle asook onsuksesvolle aansoekers mag jaarliks weer aansoek doen.

### 7. Wat is die finansiële implikasie indien 'n student sy/haar studies staak?

- Indien die student sy/haar studies staak, moet die bedrag onmiddellik terugbetaal word aan Die Dameskring om weer in die Beursfonds teruggeplaas te word.
- In gevalle waar 'n student weens gesondheidsredes of trauma nie verder kan studeer nie, sal dit na die Uitvoerende Bestuur verwys word vir oorweging. Dit staan die Uitvoerende Bestuur vry om toepaslike verslae en skrywes aan te vra ter bevestiging van gesondheidsredes of trauma.


**Uitvoerende Bestuur:** Elize Barnardt (President), Karin Stoffberg (Vise-President), Ansie von Molendorff, Karin Schoeman, Leandra Bonthuys, Duif Brand, Suzanne Myburgh, Annemie Bosman, Marionette Groenewald, Wilma van der Merwe, Marleese Lemmer, Mariette de Villiers, Chrismari Kleynhans.